


Sending Nuusbrieff



Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Vir 5 jaar het die medewerkers in Fisantekraal al die geleentheid om elke Sondag Sondagskool in Fisantekraal aan te bied. Ons bied twee-twee aan en die aanbieders roteer ses-weekliks. Elke aanbieder werk 'n les uit na aanleiding van die Bybelverhaal wat aan die beurt is. Tans behandel ons oor die Israelite wat in die woestyn is.

Die Sondagskool word in Tannie Irene se sitkamer aangebied en tydens die erediens (9:00-10:00) op 'n Sondagoggend. Daar is elke Sondag, behalwe in die skoolvakansies, Sondagskool.



TEMA: SONDAGSKOOL IN FISANTEKRAAL

Gemiddeld is daar tien kinders wat getrou die Sondagskool bywoon. Die ouderdomme verskil tussen drie en tien jaar. Ons ken al die meeste se gesigte en name. Hulle bring gereeld 'n ander maatjie of nefie of niggie saam.

Twee van die leerders se oma woon getrou die eredienste by. Dit is baie keer dat net die kinders Sondagskool toe kom. Hulle stap óf self óf word deur hulle ma afgelaai by Tannie Irene se huis.


Dis 'n groot voorreg om hierdie kinders te mag leer en te sien hoe mooi hulle die verhale terug kan vertel. Onself leer ook elke keer oornuut hoe groot, genadig en soewerein God is.

Die Sending gee graag die nuusbrieff uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakke en in Fisantekraal.

Die nuusbrieff kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrieff kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.



Sending Nuusbriëf



Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Die kinders kies graag die liedjies: "My God is so groot" en "Hy hou die hele wêreld in sy hand" om te sing. Hulle verwag ook alles uit God se hand. Dit wys as hulle gebedsversoeke vra. Hulle vra vir kos, water, huis, vir ouma se sorg, vir mamma.

Baie van hierdie kinders het nie self skryfbehoeftes by die huis nie. Daarom geniet hulle die bybelwerkies na die tyd verskriklik baie. Hulle geniet dit baie om te verf, te knip of te plak.

Toe ons oor Eksodus 17 die gedeelte behandel het waar Moses die rots moes slaan om water vir die volk te gee, het ons die papier so gevou dat wanneer jy dit oopvou dit lyk asof daar water uit die rots vloei.



TEMA: SONDAGSKOOL IN FISANTEKRAAL

Die Here hou sy werk in stand en daarom wil ons vra om Fisantekraal altyd in julle gebede te hou:

- 1. Ons dank die Here vir die Sondagskool vir die afgelope vyf jaar.
- 2. Ons dank die Here vir skenkings vanuit die gemeente sodat ons fisiese middele het om die Sondagskool te kan en mag doen.
- 3. Ons is die Here dankbaar vir die kinders wat getrou kom en dat Hy Sondagskoolspanne gee wat elke week die lesse kom aanbied.
- 4. Ons dank die Here vir Tannie Irene wat haar huis elke Sondag vir die uitbreiding van Sy evangelie oopstel.
- 5. Ons bid dat die Sondagskool getrou mag voortgaan en groei.
- 6. Ons vra dat die Here elke kind in Sy liefde sal vashou, veral soos hulle ouer word en groepsdruk en moeilike omstandighede hulle op ander dinge wil laat staatmaak in plaas van op God.

Die Sending gee graag die nuusbriëf uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.

Die nuusbriëf kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbriëf kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

